HOëRSKOOL ELDORAIGNE

VERVUL JOU ROEPING

Graad 8 2024

Jy is 'n Eldo-STER!

## Inligtingsdag 2024 FAQ

**1. Watter keusevakke word in Graad 8 aangebied?**

Aanbieding van keusevakke hang af van die belangstelling in die vak. Ingevolge die skool se akademiese beleid, word 'n vak slegs aangebied indien daar meer as 10 leerders in die vak belangstel. Gebaseer op die vakkeuse wat u uitgeoefen het in die inskrywingsboek is daar bepaal dat die volgende vakke wel volgende jaar binne die skoolrooster aangebied gaan word:

- Tegniese Tekeninge
- Elektronika
- Drama
- Dans
- Ontwerpkuns
- Rekenaartegnologie
- Gasvryheidstudies*
- Robotika en kodering*

*Geen verdere aansoeke vir die vakke sal geakkommodeer kan word nie. Slegs die leerders wat in hul inskrywingsboek aangedui het dat hul Robotika en kodering of Gasvryheidstudies wil neem, sal geakkommodeer kan word, aangesien die vakke reeds by kapasiteit is.

Die volgende vakke gaan nie volgende jaar binne die skoolrooster aangebied word nie weens onvoldoende belangstelling:

- Frans
- Fotografie en filmkunde
- Landbouwetenskappe
- Klankingenieurswese

Leerders kan een keusevak kies wat deel van hul vakpakket vorm. Daar is verrykingsvakke, wat deel vorm van die Sentrum vir Uitnemendheid, vir die leerders wat in meer vakke belangstel.

### 2. Sentrum vir Uitnemendheid

As deel van Hoërskool Eldoraigne se visie om leerders toe te rus om hul roeping te vervul, is 'n Sentrum vir Uitnemendheid ontwikkel. Onderrig en opleiding vind na-ure by die skool plaas in lokale daarvoor ingerig. Naskoolse voordeel - 'n nuwe generasie moet onbeperkte toegang tot kennis kry, sodat hulle met vertroue kan inspireer en ontdek. Kostes is vir die ouer se eie rekening.

Die volgende vakke word onder die Sentrum vir Uitnemendheid aangebied;

- Alpha Wiskunde
- Dansstudio
- Drama
- Fotografie
- Filmkunde
- Frans
- Kuns
- Modelskool
- Musiek
- VasgeINK-skryfskool
- Vliegakademie
- Voortrekkers

### 3. Busse/Vervoer

Die skool het 'n vloot van bussies wat leerders van/na die volgende areas vervoer:

Midstream
Rooihuiskraal
Wierdaglen Estate
The Reeds
Amberfield

Die roetes kan verander gebaseer op die behoefte van leerders in 'n spesifieke area.  Die buskaartjie se pryse sal gedurende November, finaal met u gekommunikeer word.

Enige navrae kan aan Mnr. H. Vogel gerig word by: busvervoer@hseldo.co.za

### 4. Olimpiades

Die skool neem deel aan verskeie olimpiades wat deur die loop van die jaar bemark word en leerders word aangemoedig om deel te neem.

- Wiskunde Olimpiade
- Afrikaanse Olimpiade

- Tweetaligheidseksamen
- RTT
- Wetenskap
- Besigheidstudies
- Wiskundige Geletterdheid
- Proverto

**5. Akademiese- en Geestesondersteuning**

Ons het 'n Ondersteuningsentrum, asook 'n beroepsleidingsprogram om addisionele ondersteuning te bied. Daar is ook ekstra klasse en intervensieklasse op 'n gereëlde basis.

Die skool beskik oor sielkundiges en 'n berader, asook graadhoofde wat leerders ondersteun in belangrike aspekte soos, boeliegedrag, selfvertroue, spanning, ens. 'n Liefde-Leefprogram in samewerking met verskeie organisasies en kerke, vind ook gereeld plaas.

Leerders wat akkommodasies het in die laerskool moet asb kontak maak met Me Benita du Toit by Dutoitb@hseldo.co.za

**6. Kommunikasie met ouers**

Die *D6 Connect* toepassing is die algemene kommunikasie kanaal met die ouers. Ouers is welkom om algemene navrae te rig aan eldo2028@hseldo.co.za.

**7. Skoolfonds en vrystelling**

R41 800 per jaar
R3 800 per maand

Geen registrasiefooie is betaalbaar nie
Meeste handboeke en skrifte is ingesluit in die skoolgeld.

**8. Tipes Wiskunde aangebied**

Wiskunde
In hul Gr10 kan leerders kies tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid
Alpha Wiskunde as ekstravak wat in die middae gegee word vanaf Gr 9.

(Koste aan verbonde)
Tegniese Wiskunde word nie tans aangebied nie – indien belangstelling in die groep is, kan die moontlikheid later ondersoek word.

## 9.Standaard Skryfbehoeftes (vepligtend)

Die basiese skryfbehoeftes wat leerders in elke klas benodig:

1. Blou, medium penne
2. Liniaal (Lank en kort)
3. Glimpen
4. Gryspotlood
5. Uitveër
6. Gom
7. Skêr
8. Skerpmaker
9. Sakrekenaar – (Casio fx-82ZA PLUS / Casio PLUS II)
10. Tekenbord indien leerders TT neem. Elektronika benodig ook in die derde kwartaal 'n tekenbord. U is welkom om die skryfbehoeftes by enige handelaar aan te skaf.

## 10. Graad 8 2024 EVP

By Eldoraigne laat ons die nuwelinge in ons Eldo-familie welkom voel met die Eldoraigne Verwelkomingsprogram. Met hierdie program bied die Graad 12 VLR ons graad 8's 'n sagte landing in die hoërskool aan en hulle word deel gemaak van al ons tradisies.

Tydens EVP-program wat strek vanaf 15 Januarie tot 1 Februarie 2024, dra ons Graad 8's sekere bykomstighede volgens 'n tema wat gedeel sal word op ons webblad en inligtingsdag.

As deel van die EVP-program het ons ook'n EVP-konsert waaraan elke graad 8 leerder deelneem.

Hiermee die volledige EVP-program en konserttydlyn:

| **Maandag, 15 Januarie** | |
|---|---|
| 07:00 – 14:00<br><br><br>14:00-16:00 | Graad 8 leerders meld om 7:00 op die pawiljoen aan in gemaklike klere en bykomstighede.<br>'n Program word gevolg, wat die hoofrol-oudisies insluit.<br>Konsertoefening |
| | |
| **Dinsdag, 16 Januarie** | |

| | |
|---|---|
| 07:00 – 14:00 | Meld aan by die pawiljoen vir EVP en konsert oefening en oudisies. |
| **17 Januarie tot 1 Februarie (Elke oggend)** | |
| 06:50 – 07:25 | Gr 8 leerders meld elke oggend by die pawiljoen aan. |
| **17 - 24 Januarie (Elke Maandag en Woensdag)** | |
| 14:00 – 16:00 | Konsertoefening (Pak asb. gemaklike klere in) |
| **Saterdag, 27 Januarie** | |
| 08:00 – 13:00<br>18:00-21:00 | Konsertoefening<br>Makiti |
| **Maandag, 29 Januarie** | |
| 14:00 – 17:00 | Verpligte kleedrepetisie |
| **Dinsdag en Woensdag, 30 en 31 Januarie** | |
| 14:00 – 20:00 | Konsertoptredes |
| **Donderdag, 1 Februarie 2023** | |
| 2de Pouse | Ontheffing (Bring jou kleurbaadjie saam)<br>**Kleurbaadjies mag nie voor hierdie geleentheid gedra word nie.** |

### 11. Graad 8 Tradisies

- Graad 8's mag eers na ontheffing hulle kleurbaadjies en Vrydagdrag dra.
- Graad 8's is verplig om alle sportgeleenthede wat tuis plaasvind, by te woon en dan ook aan die einde te help met die opruiming. Hulle woon ook kultuurgeleenthede by.

### 12. Kamp en Hemp

Ons is baie opgewonde om u mee te deel dat ons Graad 8-leerders gaan kamp.

**Datum**: 12 - 14 Januarie 2024 (Vertrek 12 Januarie om 12:00)
**Plek**: Camp Discovery
**Koste**: R1 800.00 per leerder, betaalbaar voor of op **11 Desember 2023.**

Die kostes sluit die Graad 8 hempie in wat aangepas kan word by die inligtingsdag. Pak asb. middagete in vir 12 Januarie om te nuttig op die bus. Ons sal Sondag, 14 Januarie, om 12:00 terug wees by die skool.

**Kampbenodighede:**

- Klere: Gemaklike ontspanningsdrag en ou klere, toe skoene en plakkies, warm klere vir die aande, slaapklere/sweetpak, swemklere en

swemhanddoek.
• Beddegoed en eetgerei (bord, bakkie, lepel, beker, mes en vurk,)
• Snoepiegeld (Daar is kaartfasiliteite beskikbaar)
• Sonbrandroom en hoed
• Toiletbenodighede en handdoek
• Eie medikasie

Die ouertoestemming- en mediese inligtingsvorm, moet saam met die bewys van betaling na eldo2028@hseldo.co.za gestuur word. Geen leerder sal toegelaat word om sonder die nodige dokumentasie op die kamp te vertrek nie.

Indien ‘n leerder om welke rede nie die kamp kan bywoon nie, moet die hempie teen R225 aangekoop word.

**13. Sluitkassies**

Sluitkassies vir die Graad 8 leerders sal tydens die tweede week van skool hanteer word.

Die proses sal gedurende die eerste week aan die leerders verduidelik word.

Daar bestaan tans ‘n beperkte aantal sluitkassies. Ons versoek dat slegs sportleerders wat aan hokkie, krieket en/of gholf deelneem, aansoek sal doen vir ‘n sportsluitkassie.

Koste per jaar:

Opsie 1 – Sportsluitkassie (R500)
Opsie 2 – Sluitkassie (R400)

Die leerders kan die sluitkassies in gebruik neem sodra die sluitkassienommer ontvang is. Die leerder voorsien self ‘n slot vir die sluitkassie.

**14. Moet ek ‘n kleurbaadjie van die eerste dag af hê?**

Kleurbaadjies moet beskikbaar wees vir amptelike skoolfunksies, openinge en foto’s, wat vanaf 1 Februarie 2024 plaasvind.

**15. Moet ek Vrydagdrag koop?**

Vrydagdrag bestaan uit ‘n Vrydaghemp, skool sweetpakbroek/kort Vrydagbroek en sweetpakbaadjie. Leerders mag op Vrydae die amptelike Eldoraigne “hoodie” dra.

Wit kouse en toerygtekkies wat onder die enkel sit, word saam met die Vrydagdrag gedra.

Vrydagdrag is nie verpligtend op Vrydae nie. Leerders kan skoolklere dra op Vrydae.

**16. Klereverskaffers**

Indien die ouers klere wil aankoop moet hulle in die rigting van Henque en Die Groen Kas gewys word.

Klere kan ook by Wierdapark Uitrusters aangekoop word.